# Die Kaap van Goede Hoop van die 17de en 18de eeu


## ‘n Kultuur-historiese agtergrond geskiedenis rondom 1727


### Versamel en geboekstaaf deur dr Ernst van der Walt

**Die Nederlandse predikant ds Francois Valentyn wat die Kaap ‘n aantal kere aan die einde van die 1600’s en begin 1700’s besoek het maak die stelling dat die Engelse en die Franse die Kaap voor die Hollanders ontdek het.** *Francois Valentyn– Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende Amsterdam 1726; Van Riebeeck Vereniging 1973 Deel II p 146*

**In 1595 het die eerste Hollandse skip ‘n besoek aan die Kaap gebring.** *Valentyn aw Deel II p 148*

**In 1710 was die bevolking aan die Kaap nog baie klein. Valentyn gee die volgende statistieke van die inwoners: 656 burgers, 339 vroue, 458 seuns, 470 dogters, 1 294 volwasse slawe, 99 slawe seuns, 122 slawe dogters. In total ‘n bevolking van 3 588. Valentyn se totaal is 3 698 immigrante.** *Francois Valentyn aw Deel II p 238*





**In 1685 vind Valentyn dat die Kaapse geboue redelik verbeter het sedert sy vorige besoek. Die Kompanje se tuin by die Kasteel is volgens hom baie netjies en mooier as enige tuin wat hy al gesien het.** *Valentyn aw Deel II p278*

**Volgens Theal was daar in 1711 170 privaat woonhuise behalwe die VOC geboue in die Kaap.** *GM Theal aw II p474*

**In 1710 gee Valentyn die statistiek van die slawebevolking as volg weer:**
**Mans 127, vroue 183 en kinders 130 met ‘n total van 440 koppe.** *Valentyn aw Deel II p 242*



**‘n Tekening deur Conrad Theys van die Ned Geref Gemeente Kaapstad 1704 – 1779**

**Die huise en geboue aan die Kaap het sedert my besoek in 1695 merkwaardig verander. Daar is 3 huise wat in die Amsterdam styl gebou is met 'n pragtige grondvloer verdieping. Die vroeere huis van Koopman en ander is nou alledaagse geboue .** *Valentyn aw p88* **Die pragtige Koopmans de Wet gebou is vandag (2013) ‘n gewilde toeriste besoekpunt in Strandstaat 35, Kaapstad.**
**Valentyn gee 'n volledige beskrywing van die Nederduitse Gereformeerde kerkgebou. Hy beskryf die gebou as 'een zeer fraai gebouw' .... vir die bedrag van ongeveer R11 000 riksdaalers gebou. Dit is amper 'n agtkantige gebou ongeveer 7 tot 10 meter hoog met gewels aan die noorde en suidekant. Op 6 Januarie 1704 word die kerkgebou in gebruik geneem.** *Valentyn aw p88*

**Die Soutrivier naby die Fort blyk nie baie diep te wees nie met leeus en tiere in die omgewing.** *Francois Valentyn aw Deel II p278* **In 1695 woon die goewerneur in Ronde Boscje, 'n plantasie met 'n huis wat aan die Kompanje behoort. Valentyn en die skipper saam met ander ry te perd na Ronde Boschje waar hulle die goewerneur in goeie gesondheid aantref.** *Valentyn aw VII p 278*

**‘n Aantal interessante datums**

**Op 27 Desember 1711 sterf goewerneur Louis van Assenberg die persoon na wie die VOC skip Huis te Assenburg vernoem is. Op 2 Januarie 1712 word hy in die Ned Geref Gemeente Kaapstad se kerkgebou begrawe.** *Valentyn aw Deel II p 90* **Hy was goewerneur vanaf 1708 tot 1711.** *Valentyn aw Deel II p 174*

**In 1721 sterf die waarnemende goewerneur Johannes Cornelis D'Aiblang.**

**In 1722 word die opstal van Groot Constantia gebou.**

**Op 14 Februarie 1724 het 'n ekspedisie die Kaap verlaat om die ooskus te besoek. Die groep bereik Delagoabaai en bou 'n fort. 'n Groep Engelse seerowers val die groep aan en beroof hulle.**

**Op 8 September 1724 word Jan de la Fontaine waarnemende goewerneur van die Kaap. Ook in 1724 sterf die Sweedse ontdekkingsreisiger na Namakwaland, Olof Bergh, op 81 jarige ouderdom in die Kaap.**

**Op 25 Februarie 1727 word Pieter Gijsbert van Noodt die goewerneur van die Kaap. In 1727 sterf goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes in die Kaap.**

**Op 16 Maart 1727 arriveer Geele Andries aanboord van die Huis te Assenburg aan die Kaap.[31]**

**Op 23 April 1728 sterf goewerneur Pieter Gysbert van Noodt op 48 jarige ouderdom skielik aan 'n hartaanval terwyl vier soldate wat gedros het tereggestel word.**

## 'n Grusame verhaal

**Madelein Barnard vertel die volgende verhaal van goewerneur Pieter Gijsbert van Noodt: Goewerneur van Noodt was een van die wreedste despote wat in bevel was aan die Kaap. Hy het 'n reputasie gehad as 'n wrede en 'n onmenslike persoon. Tydens sy regering het soldate 'n karige soldy ontvang en het meermale honger gaan slaap.** *Madelein Barnard – Cape Town Stories*

**Valentyn gee 'n aanduiding van die vergoeding van afgetrede soldate: 'n Luitenant 10 riksdalers, 'n vaandrager 8 Rders, 'n sersant 6 Rders, 'n korporaal 4 Rders en 'n gewone soldaat 3 Rders per maand.** *Valentyn aw II p 218*

**Veertien soldate het besluit om te dros met die doel om langs die kus 'n skip te probeer vind om hulle terug te neem na Europa. Een van die veertien het sy makkers weggegee en hulle is almal gearresteer. Van Noodt het besluit dat hulle met hulle lewens moes boet vir die verraad. Die Politieke raad het probeer wal gooi, maar Van Noodt het voet by stuk gehou. Uiteindelik het tien van die soldate lyfstraf ontvang en is tronk toe gestuur. Vier van die soldate is egter ter dood veroordeel . Een oggend vroeg is hulle van die donker gat in die kasteel na die goewerneur se woning gemarseer waar hulle vonnis hardop aan hulle voorgelees is. Hulle is daarvandaan na die 'Justitie plaats' in Buitekantstraat vir die teregstelling. Net voor die laaste man gehang is het hy met 'n harde stem uitgeroep:'Goewerneur van Noodt, ek daag jou uit voor die oordeel van die Almagtige God om rekenskap te gee van my siel en die van my vriende!' Met die woorde stap hy vorentoe op die platform van die galg en sterf.**

**Nadat die vier manne gehang is het lede van die Politieke Raad na die goewerneur se huis gestap om die teregstelling aan hom te rapporteer. Die goewerneur was nêrens te vinde nie. Uiteindelik kry hulle hom in sy somerhuis in die Kompanje Tuin waar hy in ‘n stoel sit. Hulle stap nader en begin met hom te praat, maar hy antwoord nie. Uiteindelik sien hulle sy gesig en gesigsuitdrukking. Hy was morsdood met ‘n duidelike uitdrukking van vrees op sy gesig. Hy het aan sy hart beswyk.**

**Die goewerneur was geregtig op ‘n begrafnis met al die prag en serimonie wat by sy posisie pas. En wat ‘n begrafnis was dit nie! Sy kis was van ‘n Indiese kiaathout wat deur ‘n groep VOC amptenare gedra is. ‘n Hele garnisoen met tromme en baniere het ‘n plegtige bydrae tot die geleentheid gelewer. Langs die strate het mense van alle etnisiteite en agtergronde met groot belangstelling na die plegtige begrafnisstoet oppad na die Groote Kerk kom kyk. Geweersalute en vlae wat halfmas hang ter ere van die goewerneur en sy begrafnis. In die kerk was die vooraanstaandes van die Kaap. ‘n Duitser met die naam Rudolf Siegfried Aleman het die Kaap dikwels besoek. Sy biograaf OF Mentzel maak ‘n vreemde stelling. Volgens die geskiedenisboeke is Van Noodt in die Groote Kerkgebou begrawe. OF Mentzel beweer dat daar slegs ‘n paar sandsakke in die kis was. Kort na sy dood het die goewerneur se raadslede aan die kasteel se timmerman opdrag gegee om ‘n omruiling te doen. Om middernag is ‘n groepie slawe met die kis waarin die liggaam van Van Noodt was na ‘n onbekende plek na ‘n ongemerkte graf om sy kis daar te begrawe. Die slawe is die dood voor oë gehou en moes die begrawing geheim hou. Of dit die waarheid is sal niemand weet nie.**

**Aleman het die goewerneur verafsku en by implikasie so ook sy biograaf. Die verhaal lui dat Aleman ‘n gedig gemaak het: ‘Noodt is dood, Nu is er geen nood!’**

*Madelein Barnard – Cape Town Stories*
[http://books.google.co.za/books?id=tW3M_wz6pAAC&pg=PA34&lpg=PA34&dq=Governor+Gijsbert+van+Noodt&source=bl&ots=tdvQNPp-2o&sig=pnOPg_3Voh3wsr_W3M068-7O-r0&hl=en&sa=X&ei=O0tZUo2kFNCS7AbYnIGYAQ&sqi=2&ved=0CD0Q6AEwAg#v=onepage&q=Governor%20Gijsbert%20van%20Noodt&f=false](http://books.google.co.za/books?id=tW3M_wz6pAAC&pg=PA34&lpg=PA34&dq=Governor+Gijsbert+van+Noodt&source=bl&ots=tdvQNPp-2o&sig=pnOPg_3Voh3wsr_W3M068-7O-r0&hl=en&sa=X&ei=O0tZUo2kFNCS7AbYnIGYAQ&sqi=2&ved=0CD0Q6AEwAg#v=onepage&q=Governor%20Gijsbert%20van%20Noodt&f=false)

**Op 28 April 1728 word Jan de la Fontaine weer aangestel as waarnemende goewerneur van die Kaap**

**Op 3 Julie 1728 dryf die wind die Middenmark op die rotse in Tafelbaai. Vyf en sewentig mense verdrink.**

*Years in South Africa for list of References. Categories: Decades in South Africa 18th century in South Africa 1720s in Africa*

**Die Historiese Kaap enTafelbaai**

**In 1685 onderneem ds. Francois Valentyn van Nederland die eerste van ‘n aantal seereise na die Kaap.**

**Op 24 September arriveer hy aan Kaap de Goede Hoop. Tafelberg se kruin is met 'n klein wolkie bedek.** *Francois Valentyn – Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende Amsterdam 1726; Van Riebeeck Vereniging 1973 Deel II p270*
**Oos van Tafelberg is Windberg of Duivelsberg. Waarskynlik kry die berg sy naam van die sterk vallende wind deur die vallei tussen die twee berge. Aan die westekant is die die Leeuwenberg. Op die rug is 'n vlagpaal met 'n klein huisie. Wanneer 'n skip Tafelbaai nader word 'n vlag gehys en 'n kanonskoot afgevuur.**

**Wanneer die suidooste wind sterk waai kan die skuite wat die passasiers van die seilskepe in Tafelbaai na Rochebaay (Roggebaai) moet roei een tot twee uur teen die wind veg. Gedurende die tog waai die wind 'n sproeireen oor die passasiers sodat daar nie 'n kans is om droog te bly nie voordat hulle land nie.** *Francois Valentyn aw Deel II p270 Deel I p64*

**Op 17 Januarie 1722 het die Sampson en die Amstelveer met vol ladings goedere aan die suidkus van die Kaap gestrand. Dit was die begin van ‘n rampjaar vir Hollandse skepe in suidelike Afrika.**

**Op 17 Junie het ‘n stormwind begin waai wat etlike dae lank gewoed het. Die gevolg was dat tien skepe wat in Tafelbaai hawe voor anker gelê weggevee is. Al tien skepe het gesink en 660 mense het gesterwe.**

**Op sy reis van die Kanariese Eilande skrywe hy 'het ek geleer koolstronke te eet. Kool was nooit deel van sy maaltyd in Holland nie! In die Kaap groei die kool groot en is smaaklik met oorvloed van goeie groente en vrugte.** *Francois Valentyn aw Deel II p272*
**In 1705 vertrek Valentyn op ‘n volgende reis na die Kaap in 'n vloot van 9 Oos-Indiese en 15 oorlogskepe tot by die straat van Gibraltar.** *Francois Valentyn aw Deel II p282*
**Op 26 Augustus sien ons die eerste Kaapse bont duiwe met wit en bruin spikkels. Op 29 Augustus soos die vorige twee dae sien ons Malgas voels, 'n voël wat 'n aanduiding is dat ons naby die land is.** *Francois Valentyn aw Deel I p34*
**Vandag was my vingers so koud soos om ses uur soggens in die winter in Holland. 'n Myl van die land het die koue egter verdwyn. Die sigbare land was volgens die opperstuurman Saldanhabaai. Ons bereik die land om 7:30 met 14 mense wat gesterf het en 60 siekes aan boord!** *Francois Valentyn aw Deel I p38*
**Op Sondag 26 November 1713 seil die Francois Valentyn met sy vrou en twee dogters met die Engewormer uit Rotterdam.**
**Twee maande later op die middag van 30 Januarie 1714 wanneer hulle Tafelbaai binnevaar : omtrent 3 uur is die skip in gevaar by die Leeu se stert (waarskynlik in die omgewing van Grangerbaai na Moullipunt in die Kaap). Die seelui slaag daarin om die skip uit die gevaar te maneuver en so gooi hulle anker in Tafelbaai om 4 uur en gaan om 5 uur aan land.**
**Valentyn en sy gesin gaan by Burgerraadslid Hendrik Donker tuis vir verblyf vanaf 31 Januarie tot 11 April teen die koste van 327 riksdaalers en 28 stuivers. Die reiskoste was meer as 1200 riksdaalers.** *Francois Valentyn aw Deel I p286*

**Oorkant die kerkgebou van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente aan die westekant is die 'Ziekenhuis' wat Valentyn beskrywe as 'een fraai gebouw'. Die siekehuis se gewel lyk baie na die gewel bokant die kerkdeur en is wit in die Kaapse styl. Bouwerk aan die siekehuis het in 1699 begin.** *Francois Valentyn aw Deel V p94* **Valentyn verwys ook na die 'slaavenhuis' wat langs die Kompanjie se tuin geleë is. (Die gebou wat vandag aan die bopunt van Adderleystraat aan die noordekant van die parlement geleë is.)** *Francois Valentyn aw Deel II p270 V p100* **Die VOC slawe is in die gebou gehuisves. VOC slawe mans 127 Vroue 183. Kinders 130. In totaal 440.** *Francois Valentyn aw Deel V p* **......**

**Valentyn beskryf die Kompanje tuin as pragtig en gee my genot met besoeke aldaar. (Vandag aan die suiderpunt van Adderleystraat). Dit beslaan 19 morge en die lengte 1 115 tree en die breedte 293 tree. (Valentyn se tree).** *Valentyn aw p100***.**
**Valentyn gee 'n baie volledige beskrywing met 'n watermeule en 'diepe waterleidingen' waarmee die water uit Tafelberg dwarsdeur die tuin begelei is.** *Valentyn aw p 102* **Hy beskryf die verskillende soorte sierbome soos eike, lourier en populier. Asook vrugtebome lemoen, sitroen, suurlemoen, perskes, vye, appel, peer, pruim, piesang, appelkoos, kweper en granaat, olyf en druiwe.**
**Groente soos komkommers, blomkool, wortels, kropslaai en kool. Asook pietersielie, roosmaryn en ander kruie. Al die akkers is omring deur 2 - 3 meter heinings om die groente teen die suidooste wind te beskerm.** *Valentyn aw p 102* **Verder is daar medisinale bome soos die Kaapse kamferboom en die kaneelboom van Ceylon.** *Valentyn aw p104* **Valentyn gee 'n lys van die wetenskaplike name van die kruie in die tuin – tien bladsye lank.** *Valentyn aw p127*
**Alhoewel die skoonheid van die Kaap weergaloos is is daar ook probleme wat hanteer moet word. Wanneer die suidooste wind sterk en aanhoudend tier waai dit selfs sand en klippies op. Dit veroorsaak dat die Kaapse graan en meel vol sand is. Die bakkers in Batavia het dus eerder duurder meel sonder sand van elders verkies. Die sterk suidooster wind wat soms dae aaneen waai is 'n groot hindernis. Nie net om aanboord van 'n skip te gaan nie, maar ook om buitenhuise verantwoordelikhede te behartig. Om te waag om jou neus by die deur uit te steek kan veroorsaak dat jou oë, gesig en mond vol sand waai.** *Francois Valentyn aw Deel II P217* **Die wind waai sterk in die somermaande van September tot Maart.** *Valentyn aw p64***.**
**Die suidoos waai soms in die oggend, maar kom meerendeels in die middag op. Hy vertel dat die wind by geleentheid vir 8 of 9 dae aanmekaar gewaai het.** *Francois Valentyn aw V p62*
**Valentyn vertel van 'n voorval waar hy en 'n jongman by geleentheid hulleself in 'n oop area in die Kaap bevind waar die suidoos teen stormsterkte gewaai het en hulle vir 'n tydlank moes skuil teen die wind om nie van hulle voete afgewaai te word nie.** *Francois Valentyn aw Deel V p62*

**Valentyn skrywe oor die klimaat en weersomstandighede: ‘Die nagte is soms ondraaglik warm. So ook die dae. 'n Mens kry soms die gevoel dat jy in Batavia is.’**

**In Maart 1713 breek 'n verskriklike pokke epidemie uit aan die Kaap. Passasiers wat van Indie gereis het was siek aan pokke en het intussen herstel voordat hulle in die Kaap gearriveer het. Hulle klere is na slawelosie gestuur om gewas te word. Die vrou wat die klere gewas het was die eerste om siek te word. Van die totaal van ongeveer 570 slawe het 200 binne ses maande gesterf. Van die slawe het die epidemie na die Europeërs en die Hottentotte versprei. Verkeer in die strate is verbied. Selfs die kinders het opgehou om te speel op buitenhuise oop ruimtes. Al die houtplanke was uitverkoop. Vanaf Julie is die dooies sonder houtkiste begrawe. Gedurende die aaklige wintermaande het 'n kwart van die Europese bevolking gesterf.**
*Theal aw II p 475*
**Volgens die burger opgaafrolle van 1712 was daar 1 939 Europese mans, vroue en kinders aan die Kaap. Na die epidemie 1716 staan die getal op 1 697 koloniste.**
*Theal aw II p476* **Onder die Hottentotte was die slagting van die epidemie katastrofaal. Sekere krale en van die bekendste stamme in geheel is uitgewis.** *Theal aw II p 477*
**Die pokke-epidemie van 1713 was so erg dat vyf tot ses of meer mense uit elke huishouding gesterf het. Baie mense uit die armer gemeenskap het gesterf. Die meeste mense uit die gemeenskap was sonder doodskiste begrawe as gevolg van die skaarste aan hout in die Kaap. Die Hottentotte en slawe het by die honderde gesterf. Dit was 'n geweldige groot skade in die arbeidsmark.** *Valentyn aw p216*
**Theal beskrywe voorvalle sedert 1715 van Boesmans wat in Drakenstein en langs die Bergrivier en in die land van Waveren skade aan plase en boerdery veroorsaak het. Burger kommandos het die voorvalle opgevolg maar met resultate.** *Theal aw II p482*
**In 1714 tref fatale veesiekte skape en bokke. Die totale skaapbevolking daal met 56 000 skape. Op 2 Julie 1720 word die verkoop van lewende hawe aan buitelanders verbied. Vleis se prys daal tot sewe pennies per kiloram.** *Theal aw II p490*
**In 1723 het die prys van skape op veilings gewissel tussen 11 sjiellings en 1 pennie en 13 sjiellings en 4 pennies en osse £4 3s 4d elk. Die skaarste is vererger deur die uitbreek van bek-en-klouseer in 1723. Gevolglik is 'n nuwe verbod in 1723 geplaas op die verkoop van vars vleis of groente.** *Theal aw II p 491* **Op 11 April 1713 is die oorlog met Frankryk beëindig by die vrede van Utrecht.** *Theal aw II p 492*
**Valentyn voorsien 'n lang woordelys (9 bladsye) en vertalings uit die taal van die Hottentotte.** *Francois Valentyn aw Deel II p94*
**In 1725 is die salaris van die goewerneur 2400 gulden per jaar met 'n kostoelaag van 900 gulden per jaar.**
*Francois Valentyn aw Deel II p270* **V II p 250**
**Die salaris van die predikant is 120 gulden per maand met 'n verlies van 25% plus kontant donasies wat deur die gemeente aangevul is.**
**Die koste van die afskeidsete aan retoervloot is 500 gulden.**
**Die hoeveelhede vee en kleinvee in die Kaap is die volgende: 131 630 skape, 7091 osse, 6 352 koeie, 3 572 Kalwers, 3 066 verse, VOC verse 288, 72 Persiese esels, 6 Persiese skape, 123 Hottentot skape, 823 kalwers, 15 ossewaens, 4 perdewaens, 1 Kar, Wynstokke 2.7m** *Francois Valentyn aw Deel II p 240*
**Volgens Theal was die inkomste uit wyn verkope aan die Kaap R16 000 per jaar**
*Theal aw II p 479*
**Franse en Britse skepe het ook meermale in Tafelbaai vasgemeer** *Valentyn aw II p146*

**In 1689 word ‘n projek beplan  om honderd eikebome in die Kaap aan te plant.**
*Francois Valentyn aw  Deel II  p230*

# Stellenbosch

**Naas die geskiedenis van die Kaap rondom Tafelbaai staan die geskiedenis van Stellenbosch as ‘n groot werklikheid vir veral die  Afrikaanssprekende genealoog wat sy voorgeslag wil verstaan en wil interpreter. In die een-en-twintigste eeu is Stellenbosch nog steeds ‘n mooi en gewaardeerde plattelandse dorp. Welliswaar baie groter as aan die begin van die 1700’s.**

## ‘n Opsommende Tydlyn 1679-1900

- **1679 Kommandeur Simon van der Stel vestig Stellenbosch as nedersetting.**
- **1686 Die eerste twee kerkraadslede van die gemeente word benoem en in Jan 1687 deur ds Overneij van Kaapstad bevestig.**
- **1687 Op 19 Okt word die Ou Kerkgebou laer af in die straat wat vandag Kerkstraat heet, ingewy – inderdaad die eerste volwaardige kerkgebou in Suid-Afrika.**
- **1700 Die eerste voltydse predikant, Hercueles van Loon ,word bevestig.**
- **1710 ‘n Brand vernietig die eerste kerk, die Drostdy en twaalf dorpshuise.**
- **1719 Hoeksteenlegging van die Kruiskerk op die huidige perseel, oos van die dorp en bokant die wind en brandgevaar.**




**‘n Skets van die Ned Geref Gemeente Stellenbosch (1723 - 1813) deur Conrad Theys**

- **1722 Die eerste tien grafpersele in die onvoltooide kerk word verkoop. Ongeveer 100 grafte is uitgemeet, maar volgens die graflyste is ongeveer 500 mense uiteindelik hier begrawe.**
- **1723 Die Kruiskerk word in gebruik geneem.**
- **1801 Eerste grafkelder buite die kerkgebou aan die Van der Riet-familie toegeken.**
- **1807 ‘n Konsistorie word aangebou aan die kerkgebou se oosgewel.**
- **1814 Die kerkgebou word vergroot deur die verlenging van die noord, suid- en wesvleuels en die voorkant kry ‘n klassistiese gewel.**
- **1863 Inwyding van die huidige Neo-Gotiese Toringkerk. Die argitek is Car Otto Hager van Dresden.**

*http://www.moederkerk.co.za/wie-is-ons/geskiedenis/*

**Die oude heer Van der Stel het in 1680 die kolonie van Stellenbosch gestig met 80 huisgesinne wat sedertdien gegroei het.** *Valentyn aw II p138*
**In die omgewing van 1690 skrywe Valentyn tydens een van sy besoeke: Die dorp Stellenbosch is nie groot nie. Daar is maar slegs 13 of 14 huise naby die kerk met baie enkelhuise verderaan en plase 1 of 2 myl uitmekaar.** *Francois Valentyn aw Deel I P140*
**In 1711 was daar volgens Valentyn omtrent 550 burgers in Stellenbosch, Drakenstein en Hottentots-Holland.** *Francois Valentyn aw Deel II p140*




**In 1759 skryf ‘n reisiger oor die mooi dorpie, Stellenbosch, met sy twee groot lanings , wat ses uur te perd van Kaapstad geleë is. Daar was toe dertig huise en ‘n kerk.**
*Hermann Giliomee – ‘Nog altyd hier gewees’ Die Storie van ‘n Stellenbosse gemeenskap (2007) p 56*
**Teen 1775 was daar veertig tot vyftig huise. In 1811 vertel ‘n reisiger dat daar honderd witgepleisterde huise is.** *Hermann Giliomee – aw p 56*

**Hierdie aanhalings bied ‘n duidelike beeld van die grootte van die historiese Stellenbosch. Die Eersterivier met sy kabbelende waters wat deur Stellenbosch vloei gee aan die dorp ‘n besondere karakter en atmosfeer. Die rivier het vroeë ‘n eiland**

**gevorm 'Hierdie eiland' waar rondom die historiese Eersterivier gevloei het was in Vander Stel se woorde "rondsom met versch water oorstroom" en met "schooner hooge boome beplant." Voorheen was die pragtige plekkie bekend as Wildebos, maar Van der stel het dit Stellenbosch gegenoem en plase aan vryburgers uitgegee aan weerskante van die rivier se vallei '.**
**Toe Van der Stel in 1685 weer Stellenbosch besoek, was hy vergesel van 'n hoë amptenaar, Hendrik van Reede tot Drakenstein, 'n kommissaris-generaal van die Kompanjie. Dit wasVan Reede wat beveel het dat 'n dorpie gestig moet word. Daar moes 'n drosdy opgerig word, wat sou dien as "geregtshuys" en as die woning van die landdros, 'n amptenaar wat die regering se gesag in die distrik sou verteenwoordig. Hier sou hy saam met burgers wat as heemrade aangewys is, vergader om die sake van die dorpie en die nuwe distrik, wat allrci irs Stellenbosch bekend sou staan, te bestuur.**
**Daar is verder beveel dat tussen die plek waar die kerk gebou sou word en en die rivier geen landerye uitgegee moet word nie. Hier kon die huise kom van die predikant, skoolmeester, koster en wamaker. Die gebied wat uitgehou is, is die blok wat vandag begrens word deur Pleinstraat, Kerkstraat, van Ryneveld- straat en Andringastraat. Dit is die ou middedorp, die hart van "historiese Stellenbosch".**
**Toe die dorpie in 1685 gestig is, was daar reeds 'n hele kring plase om die eilandjie. Verskeie van die name wat destyds aan die plase gegee is, Ieef vandag nog voort - Mostertsdrift, Coetzenburg, Welgevallen, Voorgelegen, Doornbosch, Libertas, Vredenburg, Welmoed en Blaauwklippen. Reeds in 1683 het die 40 plase in die omgewing van die dorp meer as drieduisend mud koring geproduseer, amper twee keer soveel as die produksie van die plase in Tafelbaai se omgewing.**
**Soos ons sal sien, was sommige van die plase in die Jonkershoekvallei in die hande van vryswartes. Die term vryswart slaan nie in die eerste plek op kleur nie (baie van die vryswartes was lig van kleur, meestal bruin in vandag sc terme), maar op vryheid. Daar het 'n spesiale wetlike proses bestaan, manumissie genoem, waarvolgens die slawe-eienaar afstand doen van sy eienaarskap en 'n geldelike waarborg gee dat die slaaf wat hy wou vrystel nie 'n las vir die samelewing sal word nie. Wetlik het die vryswartes dieselfde regte as die burgers gehad, ook die reg om grond te ontvang, eiendom te besit, gedinge in die hof aanhangig te maak en huwelike te sluit."** *Hermann Giliomee – aw p 2 - 4*



*Sentrale gedeelte van 'n tekening van Stellenbosch deur E. van Staden gedateer 15 Februarie 1710 – tans in die argief van die Nederlandse Topografische Dienst te Delft. (Kopie, Kaapse Argief) Die breë wapad op regterhand is Dorpstraat en dan volg na links, Kerkstraat en Pleinstraat. Dit is die oudste bekende panorama van Stellenbosch.*

**'Een van die belangrikste maatskaplike faktore in die vroeë geskiedenis van die nedersetting in die Kaap was die tekort aan vrygebore Europese vroue. In 1690 was daar in die vryburgerbevolking van die distrik Stellenbosch 2.8 mans vir elke vrou, en in 1770 was dit nog steeds twee keer soveel mans as vrouens, wat beteken dat baie burgers nie met 'n vrou van Europese afkoms kon trou nie.** ' *Hermann Giliomee – aw p 11*

**'Ongeveer 'n vyfde van die huwelike wat tussen 1657 en 1687 in die kolonie gesluit is, was tussen Europe in die kolonie gesluit is, was tussen Europeërs en voormalige slavinne. Hierdie vroue was gewoonlik van die Ooste afkomstig.'** *Hermann Giliomee - aw p 12*


**'Van vroeg in die 1700's begin daar 'n patroon ontstaan dat gemengde huwelikke in die distrik Stellenbosch al hoe minder word. In die loop van die agtiende eeu het die toonaangewende burgers en amptenare huwelikke en saamwonery van burgers en vryswartes afgekeur.'** *Hermann Giliomee – awp 22*

**'Heel moontlik het die teenstand teen sulke huwelikke daarmee te doen gehad dat daar nou baie meer Europese vroue aan die Kaap was.'** ***Hermann Giliomee – aw p 22***



**Die oudste bewaarde huis in Suid-Afrika, die Schreuder huis (geleë in Andringastraat) is in 1709 gebou en was deel van die die Stellenbosse dorpie van die middel 1700's toe Geele Andriesz in die huwelik bevestig is op 16 November 1742 met sy bruid Johanna Weyers in die Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou van Stellenbosch (geleë aan die oostekant van Kerkstraat) wat ook deel gevorm het van die gebouekompleks in die klein dorpie van die tyd.** *Wikipedia* **Johanna Weyers se ouma Catharina van Malabar (in Indië) was 'n vrygestelde slaaf. Catharina van Malabar is in 1686 op die ouderdom van 31 vir die prys 35 Rixdollars gekoop deur Abraham Hartog 'n VOC werknemer Van Tafelvallei.**
*Robert C H Shell - Transporten en Scheepenenis kennis:'n Databasis van slawe aan die Kaap 1659 – 1730 Inskrywing #515*

**In Stellenbosch is daar 'n Burger en Heemraad wat in die landdros se huis vergader en waarvan die landdros die voorsitter is. (Die Kweekskool gebou was tevore die Drostdy). Die drostdy en 'n aantal huise het in 1710 afgebrand. Gedurende die afgelope vier jaar is is 'n aantal mooi huise op Stellenbosch gebou. In 1714 is daar nog geen kerkgebou of 'n gebou waar die heemraad kan vergader gebou nie.** *Francois Valentyn aw Deel II P138*



*Die Kerk en Drosdy van Stellenbosch, 1757. (Oorspronklike tekening in besit van mnr. J. van der Bijl, Stellenbosch. Foto eiendom van Kerkraad van Stellenbosch.)*

**Valentyn skrywe:"'n Mens bereik die dorp deur 'n klipperige, steil en ongemaklike pad waarvoor 'n wa met 5 of 6 osse nodig is. Hy kla daaroor dat dit oppad verskriklik warm is. Hy verwys na olifante in die omgewing.**

**Die reis van die Kaap na Vergelegen (in die distrik van Somerset-Wes) met 'n koets en ses perde duur 6 uur.** *Francois Valentyn aw Deel II p150* **Die Franse vlugtelinge wat in die Kaap gearriveer het was arm en armoedige boere. Hulle het 60 morge land ontvang asook twee stelle osse van ses elk, 'n wa, 'n ploeg, saad en alles wat landbou vereis. Dit was 'n lening wat in die loop van 3 tot 4 jaar terubetaal moes word aan die VOC. In die tyd het boere nie belasting aan die goewerment betaal nie. Die meeste plase het steenhuise gehad wat pragtige opstalle geword het.** *Francois Valentyn aw Deel II p 186*

**Die burgerraadslid Henning Huising wat aanvanklik 'n vark- of skaapwagter was het uiteindelik oor verskeie plaasopstalle beskik. Op sy uitstaande plaas, Meerlust, is verskeie goeie huise met 'n kapitaal van 100 000 riksdaalers waaroor hy beskik. In 1706 en later in 1714 is die waarde van 'n leger wyn 40 riksdaalers. Die VOC betaal 25 riksdaalers vir 'n leger wyn.**

**Die VOC skeepvaart het ‘n nuwe vaderland met wonderlike natuurskoon en ‘n merkwaardige klimaat help oopmaak vir ‘n geslag wat dit nie as van selfsprekend kan aanvaar nie. Suid-Afrika met sy wonderskone natuur en sy heerlike genotvolle klimaat is nie ‘n vanselfsprekendheid nie. Dit is ‘n grootse voorreg om hier te mag woon, werk en te ontspan. Die ontwikkeling en opbou van ons land het groot offers gevra van almal wat dit sy of haar tuiste gemaak het. Dit is belangrik om die lang**

**verhaal van Suid-Afrika te ken en te waardeer. In die gees lê ons 'n krans by 'n onbekende graf van 'n man of 'n vrou wat voorgeloop op die pionierspad en die erfenis vir ons nagelaat het. Die heerlikheid van ons erfenis is kosbaar,! Dit het waarskynlik baie meer gevra as wat die argiewe, biblioteke en nagelate verhale instaat is om te kan vertel. Die bietjie wat ons agtergekom het dwing ons om ons voorgangers se nagedagtenis met erkentlikheid en dankbaarheid te eer.**

**Bibliografie**

***Dan Sleigh – Die Buiteposte: VOC , Buiteposte onder Kaapse Bestuur 1642 – 1795 (1987)***

***Hermann Giliomee – 'Nog altyd hier gewees' Die Storie van 'n Stellenbosse gemeenskap (2007)***

***George McCall Theal: History of South Africa (5 volumes 1889-1900)***

***Francois Valentyn: Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende. Amsterdam 1726 Uitgegee deur Van Riebeeck Vereniging 1973***

***Vogel JW - Zehb jarige Ost-Indiese Reise Beschreibung. Altenburg 1716 Silleman D en Thysz L - Ongeluckig of Droevigh verhaal van 'schip de Goude Buys ... Utrecht 1708. Amsterdam 1718***

**Ernst van der Walt**
**Vermont**
**9 November 2013**